BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegee op gesag.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

of South West Africa.

Published by Authority.

1/- Maandag, 26 Januarie 1942. WINDHOEK Monday, 26th January, 1942. No. 934

## INHOUD.

*Bladsy.*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS —**

No. 67 (Unie). Regulasies wat die verkoop van lugbuitebande beperk. . . . . . . 3786

No. 105 (Unie). Regulasies wat die verkoop van lugbinnebande beperk. . . . . . . 3786

## CONTENTS.

*Page.*

**GOVERNMENT NOTICES —**

No. 67 (Union). Regulations restricting the sale of pneumatic tyres. . . . . . . 3786

No. 105 (Union). Regulations restricting the sale of pneumatic tubes. . . . . . . 3786

# Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

P. R. BOTHA,
*Sekretaris vir Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 67 (Unie).] [14 Januarie 1942.

Ek, RICHARD STUTTAFORD, Minister van Handel en Nywerheid, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by regulasie 3 (1) (f) van die Landsnoodtoestandregulasies uiteengesit in die Bylae van Proklamasie No. 135 van 1941 (Oorlogsmaatreël No. 27 van 1941), en op aanbeveling van die Raad van Beheer van Landsvoorrade, verbied hierby—

(a) die verkoop van enige lug-buiteband deur enige groothandelaar of vervaardiger aan enige persoon vir 'n tydperk van twee maande vanaf die datum hiervan;

(b) die verkoop van enige lug-buiteband, behalwe 'n gebruikte of tweedehandse of opgeknapte of versoolde buiteband, aan enige persoon vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum hiervan;

Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie op die verkoop of aflewering van lug-buitebande aan enige persoon wat die besigheid dryf van die inmekaarsit van nuwe motorkarre.

R. STUTTAFORD,
Minister van Handel en Nywerheid.

No. 105 (Unie).] [20 Januarie 1942.

Ek, RICHARD STUTTAFORD, Minister van Handel en Nywerheid, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by regulasie 3 (1) (f) van die Landsnoodtoestandregulasies uiteengesit in die Bylae van Proklamasie No. 135 van 1941 (Oorlogsmaatreël No. 27 van 1941), en op aanbeveling van die Raad van Beheer van Landsvoorrade, verbied hierby—

(a) die verkoop van enige lug-binnebande deur enige groothandelaar of vervaardiger aan enige persoon vir 'n tydperk van twee maande vanaf die datum hiervan, en

(b) die verkoop van enige lug-binnebande aan enige persoon vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum hiervan behalwe op gesag en onderhewig aan enige voorwaardes uiteengesit in 'n permit uitgereik deur my of deur 'n beampte behoorlik daartoe gemagtig om namens my op te tree, met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing sal wees op die verkoop of aflewering van lug-binnebande vir trapfietse nie.

Aansoeke om permitte moet gerig word aan die Sekretaris van Handel en Nywerheid, Sentraalstraat 216, Pretoria.

Goewermentskennisgewing No. 67 van 14 Januarie 1942 word hierby gewysig—

(1) deur die byvoeging na die woord „motorkarre" in die laaste reël van die woorde „nog op die verkoop of aflewering van lug-buitebande vir trapfietse nie",

(2) deur die byvoeging na die woord „hiervan" in paragraaf (a) van die woord „en",

(3) deur die byvoeging na die woord „hiervan" in paragraaf (b) van die woorde „behalwe op gesag en onderhewig aan enige voorwaardes uiteengesit in 'n permit uitgereik deur my of deur 'n beampte behoorlik daartoe gemagtig om namens my op te tree",

(4) deur die byvoeging na die laaste reël van die woorde „Aansoeke om permitte moet gerig word aan die Sekretaris van Handel en Nywerheid, Sentraalstraat 216, Pretoria".

R. STUTTAFORD,
Minister van Handel en Nywerheid.

# Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

P. R. BOTHA,
*Secretary for South West Africa.*

Office of the Administrator,
Windhoek.

No. 67 (Union).] [14th January, 1942.

I, RICHARD STUTTAFORD, Minister of Commerce and Industries, acting under the powers conferred upon me by regulation 3 (1) (f) of the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 135 of 1941 (War Measure No. 27 of 1941), and on the recommendation of the National Supplies Control Board, do hereby prohibit—

(a) the sale of any pneumatic tyre by any wholesale dealer or manufacturer to any person for a period of two months as from the date hereof;

(b) the sale of any pneumatic tyre other than a used, or second-hand or reconditioned or retreated tyre to any any person for a period of fourteen days as from the date hereof;

Provided that these prohibitions shall not apply to the sale or delivery of pneumatic tyres to any person carrying on the business of assembling new motor vehicles.

R. STUTTAFORD,
Minister of Commerce and Industries.

No. 105 (Union).] [20th January, 1942.

I, RICHARD STUTTAFORD, Minister of Commerce and Industries, acting under the powers conferred upon me by regulation 3 (1) (f) of the National Emergency Regulations set forth in the Annexure to Proclamation No. 135 of 1941 (War Measure No. 27 of 1941), and on the recommendation of the National Supplies Control Board, do hereby prohibit—

(a) The sale of any pneumatic tube by any wholesale dealer or manufacturer to any person for a period of two months as from the date hereof, and

(b) The sales of any pneumatic tube to any peerson for a period of fourteen days as from the date hereof, except upon the authority of and subject to any conditions set forth in a permit issued by me or by an officer duly authorised by me to act on my behalf, provided that this prohibition shall not apply to the sale or delivery of pneumatic tubes for pedal cycles.

Applications for permits must be addressed to the Secretary for Commerce and Industries, 216 Central Street, Pretoria.

Government Notice No. 67 of the 14th January, 1942, is hereby amended:

(1) By the addition after the word "Vehicles" in the last line of the words "nor to the sale or delivery of pneumatic tyres for pedal cycles";

(2) By the addition after the word "hereof" in paragraph (a) of the word "and";

(3) By the addition after the word "hereof" in paragraph (b) of the words "except upon the authority of and subject to any conditions set forth in a permit issued by me or by an officer duly authorised to act on my behalf";

(4) By the addition after the last line of the words "Applications for permits must be addressed to the Secretary for Commerce and Industries, 216 Central Street, Pretoria".

R. STUTTAFORD,
Minister of Commerce and Industries.

*Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by* John Meinert Ltd., Windhoek.